Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

Wees sterk en vol moed

# INFO 13/2024

30 Augustus 2024

## Van die skoolhoof

***Liewe GSDP-gemeenskap***

Wees 'n goeie leier

**Lukas 6: 31 "En soos julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, so moet julle ook aan hulle doen"**

Ons ervaar so baie uitdagings in ons land, ons skole en selfs gesinne en baie hiervan kan herlei word na 'n gebrek aan bevoegde leierskap.

Deel van ons opvoedingsdoel is om die kinders aan ons toevertrou, toe te rus vir elke goeie werk (2 Tim 3:17). Een van hierdie goeie werke is om die kinders te oefen in die beginsels van waardige leierskap.

Afgelope Maandag is vyf graad 11's, wat vanaf September 2024 – September 2025 die dagbestuur vorm, aangewys. Hierdie dagbestuur word ondersteun deur die hele graad 11-groep wat die diensraad vorm. Elke graad 11-leerder word dus uit die aard van hul posisie by die skool as die oudstes, blootgestel aan leierskapsontwikkeling.

Leiers rig en lei mense om deur middel van die gawes en talente waarmee die Here hulle toegerus het 'n bepaalde taak in 'n sekere tyd, op 'n sekere plek met 'n spesifieke doel te bereik.

Leierskap is 'n eienskap wat God gee om ordelikheid te bevorder en so regeer God dan oor sy skepping. 'n Gelowige leier besef dat hy 'n dienskneg in diens van sy Skepper is en sal nooit sy eie belange eerste stel nie. Die diens aan God en die liefde vir sy naaste sal altyd vir hom eerste kom.

Jesus Christus is ons enigste Leermeester en toe Hy op aarde as mens was, het Hy die volmaakte voorbeeld van leierskap aan ons geleer. In Mark 10:18 lees ons dat Hy nooit die eer van mense gesoek het nie, maar altyd die eer van God. Hy het eerder gedien in plaas van om gedien te word. Ons lees in die Bybel dat Hy nederig was, Hy was besorg oor mense, Hy was standvastig en altyd eerlik. In Johannes 17 lees ons dat gebed 'n kenmerk van sy lewe was.

Elke mens kry een of ander tyd in sy lewe die geleentheid om 'n leier te wees, in graad 7 of matriek of as 'n pa wat die hoof van die huisgesin is of as 'n ma wat leiding moet neem as die pa nie daar kan wees nie. Dit is dus belangrik om ook die kinders te oefen om 'n leier te wees soos God dit van ons vra.

By die skool fokus ons daarop om die belangrike beginsels van Christelike leierskap aan die kinders voor te hou naamlik:

- alle gesagsdraers deur God geroep word om 'n bepaalde taak uit te voer. Hierdie opdrag het ewigheidsbetekenis.
- Die take word nooit uitgevoer met die oog op jou eie voordeel nie.
- Christus rus ons toe om hierdie taak suksesvol uit te voer.
- Dit wat ons doen, is altyd gegrond in die Bybel.

Dagbestuur en diensraad, baie sterkte en mag julle hierdie taak ook biddend uitvoer.

***Vriendelike groete***

*Saskia Meijer*



## Beplanner

- **30 Aug:** HS Sagtebal teen Amberfield (Weg)
- **30 Aug:** LS Hokkie Seuns 0/10 & 0/11 teen Magalies Hokkieklub (Overkruin HS)
- **31 Aug:** HS Jukskei Skoleliga
- **31 Aug:** Mini-hokkie (Danie Malan)
- **31 Aug:** HS Fietsry (Prime View)
- **2-6 Sep:** LS Leesweek
- **6 Sep:** Gr.7 - Speletjiesdag
- **7 Sep:** Mini-hokkie (Die Krans)
- **9 Sep:** HS Sosiale Gholf te Mooipoort
- **10 Sep:** LS 0/9 -0/13 Hokkie teen LS Westerlig (HS Oos-Moot)
- **10 Sep:** HS Sagtebal teen Uitsig (Tuis)
- **12-13 Sep:** Gr. 8-9 Kamp
- **13 Sep:** Dirkies Hokkiedag (Tuis)
- **13-20 Sep:** Gr.10 Toer

MySchool MyVillage MyPlanet

## Baie dankie vir julle volgehoue ondersteuning.

# JULIE AUGUSTUS

### Fondse ingesamel en oueronderssteuning

**JULIE**



R1 253,92




99

**AUGUSTUS**



R1 215,20



93

**Wat is "MySchool"?**

MySchool is 'n program wat daarop fokus om skole en vele ander organisasies te ondersteun met fondsinsameling. Deur by een van hul 1500 vennote landswyd inkopies te doen en jou kaart te vee, kan jy help om fondse in te samel vir ons skool, sonder dat dit jou 'n sent kos!

**Hoe werk dit?**

Kry eenvoudig jou gratis MySchool MyVillage MyPlanet-kaart, kies tot drie begunstigdes (skole en liefdadigheidsorganisasies) waarvoor jy fondse wil insamel en koop by een van hul vennote. Elke keer as jy jou kaart gebruik by een van hul besigheidsvennote, betaal hul 'n persentasie van jou aankope aan ons skool!

Besoek ons webblad vir meer inligting.



# Sport

## Hoërskool

**Sagtebal:**
30 Augustus teen Amberfield (Weg)
10 September teen Uitsig (Tuis)

**Jukskei:**
31 Augustus - Skoleliga

**Fietsry:**
31 Augustus - Prime View
21-22 September - Nasionale Finaal

**Gholf:**
9 September - Mooipoort





## Laerskool

**Landloop:**
**Oefening**
Dinsdae en Donderdae 17:00 tot 17:45
(Almal welkom, al hardloop jy nie liga nie)

**Hokkie:**
**Mini-Hokkie**
31 Augustus - Almal (Danie Malan)
7 September - Almal (Die Krans)
13 September - Dirkie Hokkiedag (Tuis)

**Senior Hokkie 0/9 tot 0/13**

30 Augustus - Seuns 0/10 & 0/11 vs Magalies Hokkieklub (Overkruin HS)
10 September - Almal vs LS Westerlig (HS Oos-Moot)
13 September - Dirkies Hokkiedag (Tuis)

**Hokkie-oefening**
Dinsdae en Donderdae
Mini-hokkie: 13:00 - 13:45
Seniors: 13:45 tot 14:45

**Let wel: datums is onderhewig aan verandering**

## Dirkies Hokkiedag vind op 13 September plaas!

Ons wil graag ons hokkieseisoen afsluit met 'n lekker, gesellige hokkiespeel-en-kuier. Op Vrydag, **13 September** vind ons jaarlikse Dirkies Hokkiedag plaas. Die laerskool hokkiespelers word deur die skool ingeskryf (volgens die vorm wat aan die begin van die seisoen ingevul is). Ouers, hoërskoolleerders en oud-skoliere is egter ook welkom om spanne in te skryf. Skryf asb voor **1 Sep** in.

Daar gaan heerlike ribburgers, hamburgers en kaasworsbroodjies vir aandete verkoop word. Bestel jou aandete, bring jou hokkiestok, piekniekkombers en kom kuier lekker saam!




Volg die volgende **skakels:**
**Om in te skryf:** https://forms.gle/AhCvvQrEapt5ya5fA
**Hamburgerbestellings:** https://forms.gle/2p1CueRwAezjx99p8

# Kleuterskool


















## Laerskool

**2-6 Sep**: Leesweek
**6 Sep**: Gr.7-Speletjiesdag






Ons is dankbaar vir die nuwe lenteseisoen! Om ons vreugde met ander te deel, gaan ons eerskomende Maandag, **2 September** vir die inwoners van die ouetehuise **Weltevreden** en **Huis Vergenoeg** sing en blomme uitdeel.



## Reëlings rondom kleredrag

Vanaf **2 September** is almal welkom om weer **somersdrag** te dra. Ons weet dat een swaeltjie nie die somer maak nie, daar kan dus nog 'n paar koue dae in die lente volg. Julle is dan welkom om wintersklere op sulke dae te dra.

Vanaf Maandag **15 September** is dit egter volle **somersdrag**.

Net 'n herinnering aan die korrekte **seunsskooldrag**, veral wat skoene betref.
**Wintersdrag:**
Sweetpak: Donkerkleurige tekkies en skoolkouse
Kort- en lang grysbroek: Lang grys kouse en swart skoolskoene
Tekkies word nie saam met ‘n grys broek gedra nie.

In die winter is die reël dat die skoene nie uitgetrek word nie, maar ons besef in die warmer wintersdae is dit baie moeilik om die reël streng toe te pas. Die skoolskoene/tekkies word wel uitgetrek. Die skool neem nie verantwoordelikheid vir skoene en kouse wat so verloor word nie.

**Somersdrag:** Kort grysbroek: Kaalvoet of swart skoolskoene met grys skoolkouse.

# Tabernakelbesoeke

Die graad 5-leerlinge is in Bybel besig om 'n **tabernakel** te bou. Een van ons ouers het die volgende gedeel.

Daar is 'n persoon wat die **replika** van die tabernakel sommer net hier buite Pretoria gebou het. Dit is dalk 'n baie leersame uitstappie wat mens met 'n groepie ouers en kinders kan onderneem.

*(Let wel die skool stem nie noodwendig saam met die persoon se Skrifbeskouing nie)*

Beskikbare datums vir Tabernakeltoer:
- 7 Sep (reeds 10 mense)
- 14 Sep (reeds 22 mense)
- 21 Sep
- 5 Okt (reeds 13 mense)
- 12 Okt (reeds 5 mense)
- 26 Okt



Die MAKSIMUM aantal mense is 40.

Toer BEGIN 12:00 en duur vir ongeveer 2 ure. Bring asb. hoed/sambreel en bottel water.

Koffie/tee sal bedien word.
Geen koste - werk slegs op Donasies.
Daar kan na die tyd piekniek gehou word. (voorsien self)
Die adres is Plot 200, Boschkopstraat, Swavelpoort.







## Diensraad 2025

Die nuwe diensraad van die Hoërskool het die afgelope Maandag hul balkies ontvang. Ook is die nuwe dagbestuur vir 2025 aangewys. Baie geluk aan die vyf leerlinge en hul ouers. Ons wens hul sterkte toe met die belangrike taak wat vir hul voorlê.

Die dagbestuur is soos volg: Heinrich Goodey (voorsitter), Marinda Boersema (ondervoorsitter), Grethe Visser, Henri van Alten en Theophilus Mnisi.

# Hoërskool

Somersdrag moet asb vanaf 2 September gedra word.



## Bybelvasvra

Op **19 Augustus** het vier hoërskoolspanne deelgeneem aan die **Nasionale Rapportryers Bybelvasvra**.

Dit was ons skool se eerste keer, maar met groot entoesiasme en goeie voorbereiding het ons vier spanne die uitdaging teen nege ander Hoërskoolspanne aangepak.

Die uislae was soos volg: Twee van ons spanne het 4de plek behaal met 62%.

Ons ander twee spanne het 6de en 10de plek behaal.

Baie geluk aan elke span wat deelgeneem het! Welgedaan met julle harde werk en entoesiasme.




KOM ONS GEE OM
DIRKIES HELP 'n ANDER is 'n
omgee-projek van die hoërskool.
Wees sterk en vol moed
In elke graadgroep se klas is 'n krat geplaas. Leerlinge bring dan dwarsdeur die maand nie-bederfbare produkte skool toe. As die krat vol is, word dit verpak en aan behoeftige persone in ons skoolgemeenskap uitgedeel.
Ons wil graag 'n verskil maak in die lewe van mense wat in nood verkeer.
Van Augustus tot November 2024


BESTEL SPESIALITEITSKOFFIE BY GEGROND
as deel van 'n fondsinsamelingsprojek saam met GSDP!
Wees sterk en vol moed
GEGROND
COFFEE FOR THE UNRESTRICTED
TANZANIA AA
Gegrond word deur twee oudleerlinge bedryf.
'n Deel van die wins word aan die skool geskenk.
Bestellings kan elke eerste Vrydag van 'n maand by die skool afgehaal word.
GEGROND
Bestel by: https://gegrond.co.za/gsdp/


DUTCH
Festival
Eten, Drinken en Gezelligheid
31 • 08 • 2024
TOEGANG R30 PP
Kinders onder 6 gratis
9:30 - 15:00
Hoek van Stellenbergweg & Ouklipmuurstraat Equestria
Kroketten, Friet, Poffertjes, Nasi Goreng, Rookworst,
Haring, Koffie met Appeltaart, Bier en Frisdrank.
Nederlandse voedsel produkte, souveniers, kaas,
wit olifant, boeke, blomme, naaldwerk,
en ander interessante stalletjies.
RAD VAN AVONTUUR & NEDERLANDSE MUZIEK
DRAAIORGEL & PRIJS VOOR BEST GEKLEDE NEDERLANDER
Vir meer inligting kontak: Rob Wesseloo 082 492 2544 en Ciska Nel 082 429 8951 (stalletjies)

# Wen jou Wetenskap en Wiskunde

**Graad 10 tot Graad 12 Wiskunde:**

- **Vraestelle met Memo's @ R130**
- **Nifty Notas @ R130**

**Vat die volledige Wiskunde Pakket vir slegs R240**

**Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap:**

- **Nifty Notas @ R130**
- **Flashy Flitskaarte @ R70**
- **Vraestelle met memo's @ R130**

**Afleweringskostes @ R120**

**Vat die volledige Wetenskap Pakket vir slegs R300**



# Win your Science and Maths

**Grade 10 to Grade 12 Maths:**

*** Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130**

Gr 10 Science Packs are busy brewing!!!

**Grade 11 to Grade 12 Science pack:**

*** Snazzy Summaries @ R130**
*** Flashy Flashcards @ R70**
*** Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130**

**Courier Costs @ R120**

**All the Science goodies @ R300**

**https://wenwetenskap.co.za**
**Helena - 0845103373**
**hverwey@absamail.co.za**

# Snapscan Kodes

Snap here to pay

SnapScan

**GSDP-SKOOLFONDS**

<u>Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende</u>:
EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay

SnapScan

**GSDP-BOUFONDS**

## ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING

### BLITS




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2024 te wees.**

